



Sept, Okt & Nov 2021

Ons Visie: Deur Christus-liefde gee ons vir almal om

**DIE KERK IN BEELDE – Samevatting van 40 dae Reeks
(22 Aug – 26 Sept 2021)**

LIEWE LIDMAAT, Wat is die Kerk?

DALK MOET ONS EERDER VRA: WIE IS DIE KERK?

WANT DIS BELANGRIK DAT ONS MOET BESEF:

KERKWEES...GEMEENTEWEEES...is EK! ...en JY!

IN DIE BYBEL IS DAAR BAIE BEELDE van/vir KERKWEES (Prof Dons Kritzingher het 'n boek daaroor geskryf, en ons gebruik dit vir vanjaar se 40 dae Reeks)

KERK AS:

1. Kinders van God (Mat 5:9)
2. Sout van die aarde (Matt 5:13)
3. Lig vir die wêreld (Matt 5:14)
4. Bruilofsgaste (Mat 9:15)
5. Gebou van God (geestelike gebou; Matt 16:18; 1 Kor 3:9; Ef 2:20-22; 1 Petrus 2:5)
6. Uitverkorenes (Matt 24:22)
7. Kudde (met 'n Herder – Matteus 26:31)
8. Lote van 'n druwestok/wingerdstok (Joh 15:1-8)
9. Jesus se vriende ("Julle is my vriende as julle doen wat Ek beveel" – Joh 15:14-15; Jak 2:23)
10. As die saailand van God (waar geplant word, maar God alleen laat groei; 1 Kor 3:5-9)
11. Bruid van Christus (2 Kor 11:1-2; Openb 19:7-8 en 21:2 en 9)
12. Draers van wit klere (skoongewastes deur die bloed van Jesus; Matt

22:1; Openb 7:9-14 en 19:8)

13. Gekledes ("Beklee julle egter met die Here Jesus Christus" - Rom 13:14; Trek die wapenrusting aan - Ef 6)
14. Burger van die hemel (Ef 2:19; Fil 3:20)
15. Vreemdelinge en bywoners op aarde (Hebr 11:13 en 1 Petrus 1:1)
16. Gesant/Ambassadeur van Christus (2 Kor 5:20)
17. Uitverkore volk - deur God geroep wat Sy verlossingsdade moet verkondig (1 Petrus 2:9)
18. Nakomelinge (via Geloofslyn) van Abraham – en erfgename kragtens die belofte van God (Gal 3:29)
19. Nuwe mensheid/mens (2 Kor 5:17 en Ef 2:11-18)
20. Priesterskap/Koninklike Priesterschap deur diens, gebed, intree vir wêreld (1 Pet 2:9; Openb 1:6 en 5:10)
21. Wierook wat vir God gebrand word (gebede; lewensreuk vir ander (2 Kor 2:15; Openb 5:8 en 8:3)
22. Heiliges (sondaars, maar geheilig deur/afgesonder vir Christus; Rom 1:7 en 16:2; 1 Pet 2:7-9; Judas 3)
23. Gemeenskap van gelowiges ("gelowiges" wat spesifiek in Jesus glo; Hand 2:44)
24. Dissipels/volgelinge en leerders van Jesus (Matt 28:16-20)
25. Aanhangers van die weg/mense oppad agter Jesus aan, wat dié Weg is (Joh 14:6; Hand 9:2)
26. Getuies van en ook vir Jesus (Hand 1:8; Openb 6:9)
27. Diensknegte van God (vroëer slawe/diensknegte van sonde, maar nou dienaars van God; Hand 4:29)
28. Broederskap van gelowiges ("mede-gelowiges"; broers, susters en moeders van Jesus - Mark 3:35; Hebr 1:2:11; 1 Petrus 2:17 en 5:9)
29. Huishouding van God (versameling mense met onderlinge verhoudings en pligte. Met God aan die hoof van die huishouding; 1 Petrus 4:17; Hebr 3:1-6)
30. Erfgename van God (ons erf/kry kindskap van God, en so is ons mede-erfgename; Rom 8:17; Gal 3:29; Titus 3:7)
31. Bouwerk (ons moet ons heelyd laat opbou tot 'n geestelike huis; 1 Kor 3:10 en 14:26; Ef 2:21-22 asook 4:12 en 16; Hebr 3:3-4; 1 Petrus 2:5)
32. Tempel van God (elkeen, en gesamentlik as kerk; 1 Kor 3:16-17)
33. 'n Lewende liggaam (nie 'n dooie organisasie nie, maar 'n lewende, dinamiese, groeiende liggaam; Rom 12; 1 Kor 12; Ef 4:4-16; Kol 2:19)
34. Ledemate van Christus (die kerk vorm en is die liggaam van Christus; 1 Kor 6:15)
35. Deelnemers aan die liggaam van Christus (doen en werk saam, as een heid. Gebruik saam Nagmaal en het so saam deel aan dit wat simbolies dui op Sy liggaam; 1 Kor 10:16-17)

JAARTEMA: Saam delf ons in die WOORD

36. Verskeidenheid van dienste (die kerk as liggaam bestaan uit verskillende dele wat elkeen 'n unieke, onmisbare diens lewer en nodig is; Rom 12:4-8 en 1 Kor 12)
37. As liggaam van die Hoof, Jesus Christus. Hy is die Hoof; sonder 'n hoof is daar nie 'n liggaam nie! Kol 1:18 en 2:19)

LIEWE LIDMAAT, aan die begin van hierdie skrywe was die vraag: WAT IS DIE KERK? OF DALK EERDER: WIE IS DIE KERK?

EN TOE IS DIE ANTWOORD:

ONS GLO, ONS BELY, ONS VERTEL VAN DIE KERK AS ... sout, lig, lede-mate, uitverkore volk, getuies, priesterschap, kinders van God, ens, ens.


MAAR BELANGRIKSTE WAT ONS MOET BESEF IS:

KERKWEES...GEMEENTEWEEES...is EK! en JY!

ANDERS UITGEBEELD:

- K_R_ plus EK = KERK
- CH__CH met UR ingevoeg = CHURCH

Ds L Tait



BOOMSLOPING & SNOEI

**GRATIS KWOTASIE
VERSEKERING**

KONTAK ERNST by 083 656 4992

www.treecarepta.co.za

OMGEE-BEDIENING

KOM SLUIT AAN BY 'N OMGEEGROEP! Jy sal nie spyt wees nie.

VISIE VAN DIE OMGEE-BEDIENING:

Om deur omgee-verhoudinge in omgeegroepes mekaar te help om te groei tot praktiese en gehoorsame navolgers van Christus.

Dit is die bediening wat die **omgeegroep** ondersteun en organiseer.

Omgeegroepes is in hierdie gemeente die primêre "voertuig" van bediening en versorging!

☺ As jy oorweeg om by 'n omgeegroep in te skakel kontak vir Tom Rademeyer by 0823729803.

☺ Indien jy kans sien om as 'n omgeegroep-leier opgelei te word kontak

**"Spring is coming....
Time for some cleaning.
Remove all the self-doubt,
worry, jealousy, regret,
anger, guilt, or any other
negative emotions that are
holding you back from your
happy, fulfilled life."
— Nanette Mathews**

FAMILIE-BEDIENING

Ontdek jou roeping en plek!!!

(In tye soos hierdie, binne die derde rondte van Covid 19 inperking en moeilike omstandighede in 2021, wonder 'n mens wat is die sin van alles?!)

Elke volgelinge van Jesus het 'n roeping as Priester, Profeet, en Koning in diens van die Lewende Here en diensbaar in sy Koninkryk hier op aarde.

Die RFS Familiebediening nooi jou as hoof van jou gesin graag uit om die naweek van 22, 23 en 24 Oktober 2021 saam op 'n lewensreis te gaan met Dr Jan Botha; hy gaan jou help om oor jou **roeping** en plek in die lewe te dink en te bid.

Hierdie werkswinkel is vir manne, vroue, enkelouers, lede van hersaamgestelde gesinne, enkellopendes en enige persone wat mentors en beïnvloeders is van mense.

Ons almal, as kinders van die Here, gaan weer uit Sy Woord ontdek hoe om te leef en ons gemeente se werk ernstig op te neem.

Talle **Bybelse figure** (Priesters, Konings en Profete) gaan ook van nader bekyk word as moontlike voorbeelde van hoe hulle hul roeping uitgeleef het.

- As **Priester** moet ons by die Here vir onself, ons gesinne en families intree en saam help om in pas met die Here se wil te kom. Ons moet leer hoe om vir onself, ons gesinne en families te bid en hulle te help om in vrede met die Here, hulself asook die ander mense te lewe
- As **Koning / Leier** moet ons weer leiding neem en onself, ons gesinne en families op die pad lei wat die Here wil hê ons moet stap
- As **Profeet** moet ons weer luister wat die Here vir onself, ons gesinne en families sê om te sê. (Ons moet ons kinders help om hul lewensroeping en plek te vind, om die sin van die lewe te ontdek, om die Here se wil te soek en om rentmeesters te wees van alles wat ons Vader aan ons toevertrou.

Ons naweek tema: **Om jou roeping en plek te vind is 'n lewenslange reis saam met die Drie-enige God**; dit gaan ook aangevul word met 14 teologiese temas soos:

- Missionale teologie
- Teologie van hoop
- Teologie van aanraking
- Teologie van teenwoordig-wees
- Teologie van gasvryheid
- Teologie van menswaardigheid
- Teologie van konteks en in Afrika
- Beoefen die gesindheid wat demonstreer dat jy jouself ontledig (kenosis) ter wille van

die koninkryk

- Leef jou roeping in die teenwoordigheid van die Drie-enige God
- Geloofsonderskeiding
- Verdiep jou gebedslewe en geestelike dissiplines
- Om risiko's te neem en grense oor te steek
- Om holisties te dink, te voel en te lewe asook selfsorg

Om te fokus op God se koninkryk

Ons gaan hieruit 'n breë raamwerk opstel waarbinne ons op 'n sinvolle manier kan funksioneer en groei as gestuurdes van ons Vader. As deel daarvan gaan daar aktiwiteite en riglyne opgestel word wat ons gaan help om gefokus, met passie en volhoubaar te lewe.

Ons gaan ook **tegnieke** deurgee wat gaan help in die prosesse van roepingsvervulling en om die voortdurende ontdekking van ons plek te verseker.

Byvoorbeeld:

- In verband met '**Profeet**' – **Ontdek jou vaardighede / gawes**. Hoe gebruik jy dit in jou lewensroeping / missie
- In verband met '**Koning**' – **hoe kan ek my prioriteite** bepaal? Wat **doen** ek in lyn met my prioriteite
- In verband met '**Priester**' – **Hoe bid ek** / tree ek in vir my mense / help ek mense met die Here versoen. Hoe bely ek my sonde
- Die belangrikste - Hoe / waar kry ek **krag / energie** vir my roeping? (bv. Hoe **aanbid** ek die Here; hoe lees ek die **Bybel** / Hoe **wandel** ek daagliks met die Here
- **Hoe heers ek / oorwin ek** terneergedruktheid / probleme / mislukking / wat doen ek om **fees** te vier
- '**n Dissipline / siklus** van: 1.Beplan (en bid); 2.Neem Aksie; 3.Evalueer; 4.Maak aanpassings / verstellings; 5.Vier Fees.



Wat 'n mond vol! Ons gaan as nuwe mense met 'n nuwe en volhoubare passie asook gestuurdheid weggaan. Ons gaan saam maar ook elkeen apart 'n groter duik-in-die-emmer, verskil maak in ons Vader se Koninkryk.

Wat 'n uitdaging. Waag en steek so nuwe grense in jou geloofslewe oor!

Leef met sagte oë!

Dr Jan Botha, namens die Familiebediening

Naskrif – Indien jy belangstel om die werkswinkel by te woon sal jy binnekort die geleentheid kry om in te skryf:

- **Vrydagaand, 22 Oktober kom net die Manne bymekaar vir 'n bring en braai om die vuur op die kerkterrein**
- **Saterdagoggend, 23 Oktober kom almal wat ingeskryf het bymekaar in die Kerk saal vir die werkswinkel**
- **Sondagoggend, 24 Oktober vat Dr Jan alles saam in die oggend preek**



KINDERWYSHEDE

ADAM EN EVA

Jannie het by die Sondagskool geleer hoe God alles geskep het, ook die mens. Hy was veral geïnteresseerd toe hy hoor hoe Eva uit een van Adam se ribbes geskape is. Later die week kry sy ma hom waar hy olik op sy bed lê en vra hom wat fout is. "Ek het pyn in my sy. Ek dink ek gaan 'n vrou kry," was die slim man-netjie se antwoord.

BROEDERLIKE LIEFDE

'n Dominee se vrou het pannekoek vir haar twee seuntjies gebak. Die twee het begin stry oor wie die eerste pannekoek gaan kry. Hulle ma het die kans gebruik vir 'n morele lesse. "As Jesus hier gesit het, sou Hy sekerlik gesê het: 'Laat My boetie die eerste pannekoek kry. Ek kan wag.'" Die oudste seuntjie het na sy boetie gedraai en baie wys gesê: "Jy kan Jesus wees."

Haller L., April 2021, Juig! Tydskrif, *Kinderwyshe*, Volume 13 Uitgawe 3, bladsy 7.

RIETFLUIT ONTSPANNINGSHOEKIE

Hidden Pictures®


Shake Break

By David Helton



In this big picture, find the wedge of lemon, button, slice of pizza, tack, ring, envelope, horseshoe, teacup, feather, magnifying glass, slice of bread, candle, key, golf club, carrot, bell, slice of pie, and ladle.

Can you find these hidden objects?



© Highlights for Children, Inc. This cartoon from classroomhighlights.com is permitted to be used by a teacher free of charge for classroom use by printing or photocopying one copy for each student in the class. Highlights: Fun with a Purpose!

Toets jou Bybelkennis

ALGEMENE KENNIS

Kyk hoeveel van hierdie vrae jy kan beantwoord voordat jy na die antwoorde op bladsy 8 kyk. Toets jou eie kennis en lees daarna die vrae vir vriende of gesinslede om te sien hoe hulle vaar!


1. Buiten om wagte te gebruik, watter ander maatreëls het die priesters getref om die graf waarin Jees se liggaam geplaas was, te beveilig?
2. Watter nasionaliteit was die vrou wat Jesus by die put in Samaria ontmoet het?
3. Hoe lank is Jesus in die woestyn versoek?
4. Na watter sort saad het Jesus verwys in sy gelykenis van 'n klein saadjies wat uiteindelik tot 'n groot boom groei?
5. Hoeveel keer het die eienaar van die wingerd in die gelykenis van die arbeiders na die mark gegaan om werkers te huur?
6. Watter boek in die Nuwe Testament is aan Teofilus gerig?
7. Wat was die waarde van die twee muntstukke wat die arm weduwee in die tempel se offergawekis laat val het?
8. Hoe oud was Jesus toe Hy met Sy bediening begin het?
9. Wie het homself as die "ambassadeur vir Christus Jesus" beskou?
10. Watter apostel is deur die inwoners van Listra Zeus genoem?
11. Hoeveel legioene engele sou God dadelik beskikbaar kon stel as Jesus dit sou versoek to Hy in hegtenis geneem is?
12. Hoeveel varke het verdrink toe Jesus die duiwelbesete man genees het?
13. Hoe het Regab die Israeliete tydens die inval gehelp om haar huis te identifiseer?
14. Mense kyk na die uiterlike, maar waarna kyk God?


Sien antwoorde op bladsy 15

April 2021, Juig! Tydskrif, Toets jou Bybelkennis, Volume 13 Uitgawe 3, bladsye 8 – 9.

7			6		1		
	4			7		5	
		2			8		6
		4			3		9
	8			5		1	
2			8			6	
5			3			9	
	2			6			4
		6			7		5

3			8		1		2
2		1		3		6	4
			2		4		
8		9				1	6
	6						5
7		2				4	9
			5		9		
9		4		8		7	5
6			1		7		3





	7			6				9
6				5				8
		4				7		
	3				6			
2				5				8
			4				1	
		3				4		
	2				7			3
1				8			2	

8	7			2			5	1
9	4			7			3	8
			3		4			
		6	7			5		
5	8			9			7	6
		7			5	2		
			8	2				
7	2			5			6	4
1	3			4			2	5

CHRISTENSKAP IN DIE WERKPLEK

Werk jy ook van die huis af?

Werk jy ook van die huis af? Deesdae is dit baie algemeen, net soos in 1750. Sedert die tyd van Jesus tot ± 1750 het die wêreld van werk nie dramaties verander nie. In Europa was 'n plattelandse leefstyl steeds aan die order van die dag – daar is geplaeg met diere en skrynwerkers, smede, kleremakers, ens. het almal hoofsaaklik van hul huise af gewerk.

Die Industriële Revolusie

Die volgende twee eeue of meer is egter deur die Industriële Revolusie gekenmerk wat die begin was van vervaardiging met behulp van groot masjiene in fabriekes tesame met steenkoolmyne wat brandstof vir onder meer stoomaandrywing verskaf het. Dit het 'n reuse verskuiwing en sosiale ontwigting tot gevolg gehad deurdat mense na die stede toe getrek het, waar hulle in fabriekes en myne gaan werk het. Dis was nie net 'n skuif van die platteland na die stede nie, maar ook van "werk van die huis af" na 'n werkplek weg van die huis af.

Weer eens 'n groot verandering

Namate rekenaartegnologie en die internet die afgelope dertig jaar geroei het (Inligtingsrevolusie), het ons gesien hoe al hoe meer mense weer begin het om van hul huise af te werk, presies die teenoorgestelde skuif as met die begin van die Industriële Revolusie. Gedurende die afgelope jaar het COVID-19 egter hierdie proses na die hoogste rat versnel. Heelparty werknemers van groot maatskappye werk nou selfs permanent van die huis af.

Nuwe uitdagings

Hoewel baie mense dit romantiseer, het werk van die huis af genoeg van sy eie uitdagings. Vir baie van ons wat 'n werknemer is, is die druk gewoonlik dat jy nie die indruk van jou werkgewer wil skep dat jy nie jou kant bring nie. Daarom kan dit maklik gebeur dat jy telkens skuldig voel as jy 'n blaaskans neem. Dit bring mee dat jy net wil aanhou werk. My dogter wat self dikwels van die huis af werk, sê sy verkies dit deesdae om eerder kantoor toe te gaan.

Behou steeds balans

Indien kliënte jou by die huis besoek, is die vraag of jou werkplek 'n professional beeld skep. Dit is soms moeilik om werk en huis te skei, veral as daar jonger kinders in die huis is. Verder is dit nodig om te beplan watter ure jy sal werk en wanneer sy sal ontspan. Ek weet, want my kantoor is ook by my huis en as ek my kom kry, sit ek al weer in die kantoor. Vir kinders is dit sleg as 'n ouer "die heelyd by die werk is" want hulle wil jou nie

steur nie, maar dit beteken eintlik jy is 'n afwesige ouer al is jy by die huis.

Daar is ook 'n ander kant: dalk bestee jy nou minder aandag aan jou voorkoms, want jy hoef mos nou nie noodwendig meer netjies aan te trek nie. Of die versoeking kan wees om eers "n bietjie te gaan lê", want jy sal mos later weer verder werk. Ongelukkig erodeer sulke gedrag goeie werkgewoontes en raak dit maklik 'n nuwe norm. Daarom is dit goed om jou werk eerder vir 'n Hoër gesag as jou werkgewer te doen. Kol 3:23 sê: "Wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie." En Ef 6:7 lui: "Al is julle slawe, doen julle werk met lus, soos vir die Here en nie vir mense nie."

Moenie vereensaam nie

'n Ander negatiewe gevolg is alleenheid. Vir mense met uitgaande persoonlikhede is dit gewoonlik moeiliker as vir dié wat meer taakgeoriënteerd is. Ek het onlangs met iemand gepraat wat genoem het dat hy gedurende 'n hele week net met twee mense gesprekke van aangesig tot aangesig gehad het en dit was die huishulp en 'n petroljoggie. As ons nie doelbewus uitreik nie, kan ons maklik vereensaam.

Ek weet dit is nie vir almal moontlik nie, maar ek probeer om soms as ek moet skryf, eerder in 'n koffiewinkel te gaan sit en werk. Dit bring jou met ander mense in kontak en die verandering van omgewing is positief vir die gemoed.

Self ons kerke was lank gesluit, maar ons het mekaar veral in 'n tyd soos dié nodig. Daarom sê Paulus in Heb 10:25: "Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan, en dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien nader kom." Ongelukkig is COVID-19 lewensbedreigend en die voorkomende regulasie daarom baie beperkend, wat ons beweging en kontak met mekaar geweldig inkort. Tog is dit belangrik dat ons ter wille van ons eie geesteswelstand nie sal vereensaam nie. Laat ons dus die nodige voorkomende maatreëls respekteer, maar steeds na mekaar uitreik, want ons is nie gemaak om elkeen 'n eiland op ons eie te wees nie.

Ons kan dit nie sonder God doen nie

Op hierdie uitdagende en dikwels eensame pad, het ons bo alles die Here nodig. Jak 4:8 sê "Nader tot God en Hy sal tot julle nader." 'n Deel van die wapenrusting waarvan Paulus in Ef 6:17-18 skryf, is "... die swaard van die Gees, dit is die woord van God." Paulus spoor ons aan: "Doen dit alles biddend en smee God by elke geleentheid deur die Gees. Wees waaksaam en bid gedurig vir al die gelowiges." 1 Tess 5:16-19 sluit hierby aan: "Wees altyddeur bly. Bid sonder ophou. Wees in alles dankbaar, want dit is die wil van God in Christus Jesus oor julle. Blus die Gees nie uit nie."

Malherbe D., April 2021, Juig! Tydskrif, Christenskap in die werkplek, Werk jy ook van die huis af?, Volume 13 Uitgawe 3, bladsye 74-75.

OOP KOMMUNIKASIEKANALE

Moenie nalaat om goed te doen en mededeelsaam te wees nie, want dit is die offers wat vir God aanneemlik is.

Heb 13:16

Gebrekkige kommunikasie laat baie verhoudings verbrokkel. Ook in ons geestelike lewe is die aftakeling van kommunikasie met die Meester 'n trefseker manier om ons van Hom los te maak. Sinvolle kommunikasie kom nie vanselfsprekend of maklik nie. Dit moet ontwikkel word.

In gebed en kommunikasie met die Meester, in ons barmhartigheidsdiens in die goeie daade wat ons in sy Naam doen, is jy besig om 'n aanneemlike offer vir die Here te bring. Praat met jou Verlosser soos met 'n vertroude vriend; vertel Hom van jou hoop en vrees, en vertel dat jy Hom liefhet. So sal jou kommunikasie met die Meester jou kommunikasie met jou medemens lewendig hou.

Heilige Gees, bewaar my daarvan dat my kommunikasie met die Meester en met my medemens gespanne en sinloos sal word. Amen.

Ozrovech S. (2008) Genade vir elke Oomblik, Christian Art Gifts RSA, bl. 9 Augustus



NG Kerk Rietfontein-Suid

Finansiële Verslag vir 1 Januarie 2021 tot 31 Julie 2021

Inkomste vir die tydperk	R1 216 088
Uitgawe vir die tydperk	R1 235 844
Netto Tekort	R 19 756

Baie dankie aan elkeen wat 'n verskil maak met julle dankoffers.

SPRING

Happy Go Lucky Bouncing Fun

!!Kindervermaak!!

**Springkastele, glybane en vele meer te huur vir kind-
er-partytjies, einge tipe funksie,ens**

Kontak Jaco Malan @ 064 461 7903



Happy Go Lucky Bouncing Fun



Antwoorde vir Toets jou Bybelkennis op bladsy 9

- | | |
|---|--|
| 1. Deur die klimp te verseël (Matt 27:66) | 2. 'n Samaritaan (Joh 4:7) |
| 3. Veertig dae en nagte (Matt 4:2) | 4. Mosterdsaad (Matt 13:32-32) |
| 5. Vyf keer (Matt 20:1-7) | 6. Die Handelige van die Apostels (Hand 1:1) |
| 7. Ongeveer tien sent elk (een pennig was 'n
bietjie meer as 'n daag se loon) (Mark 12:42) | 8. Ongeveer 30 jaar oud (Luk 3:23) |
| 10. Barnabas (Hand 14:12) | 9. Paulus (Filem ver 9) |
| 12. Ongeveer 2 000 (Mark 5:13) | 11. Meer as 12 (Matt 26:53) |
| 14. God kuk na die hart (1 Sam 16:7) | 13. Regag het 'n bloedrooi tou aan die venster
vasgemaak (Jos 2:18) |



Voltooi asb die volgende afskeurstrokke in gooi in die kollektiebord of kerk se posbus.

U kan ook die vorm kry op die kerk se websuite (<https://www.rietfontein-suid.ng.org.za/kontak-ons.html>) onder Kontak ons blad.

Of stuur voltooide vorm na ngriet@telkomsa.net



POPI Wetgewing toestemming aan NG Gemeente Rietfontein-Suid, Pretoria.

Hiermee gee ek (vullename en van)

ID, Woonadres:

Selfoon en/of Landlyn

toestemming dat my persoonlike inligting in die Databasis van die Gemeente opgeneem mag word en dit vir doeleindes binne die raamwerk van die gemeetewerksaamhede gebruik mag word. Wanneer ek vertrek na 'n ander gemeente sal ek hierdie toestemming skriftelik ophef.

Handtekening Datum

Indien dooplidmaat handtekening van ouer/voog



RIETFLUIT REDAKSIE & ADMINISTRASIE

Vir enige navrae oor advertensieplaasing, getuienis, voorstelle of nuus oor u bediening, stuur gerus 'n e-pos vir Ilze du Plessis by ilzedples@gmail.com.
Kontak nommer is 0721113100